# Afdeling Geesteswetenskappe en Kuns

## Dr. Hendrik Jacobus Deacon



### BIOGRAFIESE PROFIEL

Dr. Jaco Deacon is ’n regsgeleerde, onderwysleier, skrywer en navorser met meer as twee dekades se ervaring in die regs- en onderwyssektor. Hy beskik oor baccalaureus-, magister- en doktorsgrade in die regte (LLB, LLM en LLD) van die Universiteit van die Vrystaat, waar hy voorheen senior dosent in handelsreg was. Hy het sy loopbaan as prokureur begin en is sedert 2008 by FEDSAS betrokke, waar hy sedert 2021 as uitvoerende hoof dien.

Sy besondere kundigheidsgebiede sluit onderwysreg, arbeidsreg, skoolbeheer en -bestuur en onderwysbeleid in. Hy het op verskeie ministeriële en nasionale taakspanne gedien en lewer gereeld insette oor wetgewing, beleid en die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel.

Jaco is redakteur van die *Juta education law and policy handbook* en *Case law handbook*, skrywer en medeskrywer van verskeie boeke oor skoolbeheer, mensehulpbron- en finansiële bestuur, en samesteller van *Sakpaswette: skoolbeheer en die reg*. Hy het verskeie navorsingsartikels in geakkrediteerde vaktydskrifte gepubliseer en tree gereeld as spreker by nasionale en internasionale geleenthede op. Sy kundigheid en kommentaar oor onderwysreg, -beleid en -bestuur word ook gereeld deur die media ingeroep.

Sy bydrae tot onderwys en onderwysreg word nasionaal en internasionaal erken. In 2026 is die SAELA Leadership in Education Award aan hom toegeken, en hy het ook internasionale erkenning vir onderwysleierskap van die World Education Congress ontvang.

Sy professionele werk word gekenmerk deur ’n besondere belangstelling in goeie skoolbeheer, verantwoordbare leierskap, die ontwikkeling van onderwysreg en die bevordering van gehalte-onderwys in Suid-Afrika.

## MOTIVERING VIR NOMINASIE

Dr. Jaco Deacon is ’n besonder geskikte kandidaat om as raadslid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns te dien. Hy het meer as twee dekades se ervaring as regsgeleerde, onderwysleier, bestuurder, direkteur, navorser en skrywer, tesame met ’n gevestigde verbintenis tot die Afrikaanse onderwys- en kultuurgemeenskap.

As uitvoerende hoof van FEDSAS is hy verantwoordelik vir die strategiese en uitvoerende leiding van ’n nasionale organisasie met strukture in al nege provinsies. Sy ervaring as direkteur, trustee, raadslid en voorsitter van verskeie organisasies het hom omvattend toegerus met kundigheid in strategiese bestuur, korporatiewe beheer, finansiële toesig, risikobestuur, oudit en fidusiêre verantwoordelikheid. Hierdie vaardighede is van besondere waarde vir die verantwoordelike bestuur en verdere ontwikkeling van die SA Akademie.

Sy huidige betrokkenheid as raadslid van die SA Akademie, sowel as sy vorige ervaring as voorsitter van die SA Akademie se Onderwyskommissie, beteken dat hy reeds ’n deeglike begrip van die SA Akademie se doelstellings, rol en funksionering het. Hy beskik nie net oor bestuurskundigheid nie, maar het ook waardevolle institusionele kennis. Dr. Deacon het bygedra tot heelwat van die bestuursveranderinge en mensehulpbronontwikkeling wat onder die vorige Akademieraad plaasgevind het. Hy is nie ’n passiewe waarnemer nie, maar neem aktief die leiding wanneer daar opgetree moet word. Hy het hom byvoorbeeld onmiddellik beskikbaar gestel as voorsitter van die Mensehulpbronkomitee van die SA Akademie toe die vorige voorsitter bedank het.

Sy professionele loopbaan word gekenmerk deur ’n verbintenis tot akademiese uitnemendheid, verantwoordbare leierskap, goeie bestuur en die bevordering van gehalte-onderwys. ’n Unieke kombinasie van akademiese, regs-, bestuurs- en leierskapkundigheid, asook ’n sterk verbintenis tot Afrikaans en die Suid-Afrikaanse onderwysgemeenskap maak van hom ’n waardevolle en strategiese toevoeging tot die Akademieraad.